

MOHOKARE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT TAALBELEID

AANHEF

AANGESIEN die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet Nr. 108 van 1996, en die Wet op Plaaslike Regeing Munisipale Stelsels (Wet Nr. 32 van 2000) voorsiening maak dat munisipaliteite die taalgebruik en –voorkeure van hul inwoners in ag moet neem;

AANGESIEN die Regereing praktiese en positiewe maatreëls moet tref om die status van inheemse tale te verhoog en die gebruik daarvan te bevorder;

EN AANGESIEN die Regereing die gebruik van minstens twee van die elf aangewese Suid-Afrikaanse tale in amptelike domeine moet verseker;

DERHALWE onderskryf die Munisipaliteit nou die Taalbeleid soos in hierdie dokument uiteengesit en verbind hy homself daartoe om te verseker dat die taalbeleid geïmplementeer sal word op alle vlakke van administrasie in sy jurisdiksie-area.

Woordomsrywings

Hierdie afdeling gee woordomsrywings van terme wat gebruik word in hierdie beleidsdokument, tensy anders aangedui.

PanSAT

PanSAT is 'n akroniem vir die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad. PanSAT is 'n statutêre liggaam wat gestig is ingevolge Wet 59 van 1995 vir, onder andere, die daarstelling van voorwaardes vir die ontwikkeling en bevordering van gelyke gebruik en genot van alle amptelike Suid-Afrikaanse tale.

Munisipale tale

Amptelike tale van die Munisipaliteit

Binne 'n redelike tydperk

Binne sodanige tydperk as wat geregverdig is om die taak uit te voer, maar wat nie vier weke oorskry nie.

Bedrywighede van die Munisipaliteit;

Dag tot dag bedrywighede in die bedryf van die sake van die Munisipaliteit.

Administratiewe doeleindes

Bedrywighede, handelinge en/of kommunikasie wat verband hou met die werk en/of die sake van die Munisipaliteit of 'n bepaalde area van die Munisipaliteit.

1. Rigsnoere

Die volgende riglyne is onderliggend aan die taalbeleid van die Munisipaliteit.

- (1) Daar moet gehou word by die norme vir taalbeleid soos vervat in artikel 6(4) en 6(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ooreenkomstig die advies wat van tyd tot tyd deur PanSAT voorsien word.
- (2) Daar mag nie gediskrimineer word op grond van taalvoorkeur in die bestuur en administrasie van die Munisipaliteit nie.
- (3) Die Administrasie moet daarna streef om die gebruik van die amptelike tale van die munisipaliteit te bevorder.
- (4) Dit is die verantwoordelikheid van die Munisipaliteit om taalfasileringsdienste soos vertaling en tolking, en sodange ander dienste soos wat benodig word, te voorsien en om sodanige fondse beskikbaar te stel vir hierdie dienste.

2. Munisipale tale

- (1) Vir die doeleindes om die sake van die Mohokare Plaaslike Munisipaliteit te bedryf, moet Sesotho, isiXhosa, Afrikaans en Engels as amptelike tale van die Munisipaliteit gebruik word (hierna genoem die *munisipale tale*) in ooreenstemming met die norme van status en gebruik soos voorsien deur artikel 6 van die Grondwet.
- (2) Die Raad moet voorsiening maak vir dier spesiale behoeftes van Blindes en Dowes soos om byvoorbeeld Braille en/of oudiobande/CD's en tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal beskikbaar te stel, afhangend van die beskikbaarheid van hulpbronne.

3. Verrigtinge en tale van rekord van die Munisipaliteit

- (1) Die munisipale tale moet by alle vergaderings gebruik word, naamlik raadsvergaderings, komiteevergaderings, wyk/kiesafdelingvergaderings van die Munisipaliteit en voorsiening moet gemaak word vir professionele tolkingsdienste gedurende sodanige vergaderings, en die Munisipaliteit moet hiervoor betaal; met dien verstande dat dit van die deelnemers verwag sal word om hul taalvoorkeur by die Kantoor van die Munisipale Bestuurder en / of voorsitter van die voorgestelde vergadering(s) aan te dui by ontvangs van die agenda / kennisgewing van die vergadering of minstens 48 uur voor die datum en tyd van die vergadering.
- (2) Alle munisipale regulasies, amptelike verslae, agendas en regulasies van die Munisipale Raad en sy komitees moet in alle munisipale tale beskikbaar gestel word; met dien verstande dat praktiese reëlings getref kan word ten einde die munisipale

regulasies, amptelike verslae en resolusies wat in een taal opgestel is binne 'n redelike tydperk beskikbaar te stel in die ander twee munisipale tale. Alle dokumente wat uit eksterne bronne ontvang word kan in die oorspronklike formaat behou word, m.a.w. in die oorspronklike taal waarin dit geskryf is.

4. Amptelike kennisgewings

Amptelike kennisgewings, publikasies, advertensies en tenders van die Munisipaliteit moet in alle munisipale tale gebaseer op teikengehore gepubliseer of uitgereik word.

5. Skriftelike Kommunikasie met die publiek

Skriftelike kommunikasie met die inwoners van die Munisipaliteit, insluitende amptelike kennisgewings, publikasies, advertensies, tenders, rekeninge, fakture, nuusbriewe, vorms en beantwoording van briewe, moet geskied in die munisipale taal van hul voorkeur; met dien verstande dat waar sodanige voorkeur aangedui word, die volgende van toepassing sal wees: wanneer briewe beantwoord word moet sodanige korrespondensie plaasvind in die taal waarin die kommunikasie ontvang word. In die geval waar advertensies in die media verskyn moet minstens twee van die munisipale tale gebruik word met behoorlike inagneming van die teikengehoor.

6. Mondelinge Kommunikasie

- (1) Kommunikasie met lede van die Publiek, met inbegrip van Doves, moet plaasvind in die munisipale taal wat deur hulle verstaan word, wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) en / of oudiobande en CD's insluit.
- (2) Enige lid van die publiek mag enige van die munisipale tale gebruik wanneer hy of sy met enige instelling van die Munisipaliteit kommunikeer.
- (3) Al vier munisipale tale moet gebruik word vir kommunikasiedoeleindes in die Administrasie van die Mohokare Plaaslike Munisipaliteit.

7. Nie-nakoming van die bepalings van die Taalbeleid

Nie-nakoming van die bepalings van hierdie Taalbeleid aan die kant van amptenare van die Munisipaliteit sal as wangedrag beskou word wat aanleiding kan gee tot gepaste dissiplinêre optrede. Nie-nakoming aan die kant van die Munisipaliteit sal beskou word as 'n skending van taalregte op grond van die bepalings van die Grondwet.

8. Implementering

- (1) Die Taalbeleid soos hierin uiteengesit moet, tensy anders bepaal, binne 'n tydperk van drie jaar vanaf die inwerkingtreding daarvan geïmplementeer word.

- (2) Die implementering moet bestuur word deur die Munisipale Taalkomitee. PanSAT moet deel wees van hierdie Taalkomitee om die munisipaliteit te adviseer en die Taalbeleid te monitor.
- (3) Die Taalkomitee sal soos enige ander komitee van die munisipaliteit, behalwe Artikel 79 komitees, sy werk verrig.

9. Hersiening van die Taalbeleid van die Mohokare Plaaslike Munisipaliteit

Die Taalbeleid soos hierin uiteengesit moet, tensy anders bepaal, binne 'n tydperk van vyf jaar vanaf die inwerkingtreding daarvan hersien word. Die hersiening sal geskied volgens artikel 79 vereistes deur die Korporatiewe Dienstekomitee soos deur die wet vereis.

10. Munisipale Taalkomitee

- (1) Vir die doeleindes van monitering en hersiening van hierdie taalbeleid ooreenkomstig artikel 6 van die Grondwet moet die Raad 'n portefeuljekomitee oor Beleid en Transformasie aanstel om as Munisipale Taalkomitee te dien.
- (2) Die Munisipale Taalkomitee sal met die volgende verantwoordelikhede belas wees:
 - (a) om betrokke te wees by die implementering van die taalbeleid met betrekking tot vertaling en redigering (binnenshuis of uitgekonnekteer), tolkingsdienste, en die druk van publikasies, volgens beleid.
 - (b) om op 'n deskundige en onpartydige wyse beslissings te gee oor die hantering van beleid oor taalkwessies in die Munisipaliteit wat tot wrywing kan lei;
 - (c) om die taalrealiteit van die Munisipaliteit op 'n deurlopende grondslag te hersien ten einde aanbevelings te doen betreffende munisipale tale;
 - (d) om die beleid te hersien na aanleiding van terugvoer uit die deurlopende hersiening van die taalrealiteit van die raadslede, personeel en publiek.
 - (e) om die ingefaseerde implementering van die taalbeleid te monitor;
 - (f) om studies en navorsing te inisieer wat gerig is op die volgende en te verseker dat dit wel gedoen word:
 - (i) om respek te kweek vir die amptelike tale;
 - (ii) om veeltaligheid in die Munisipaliteit te bevorder;
 - (iii) om die gebruik van taalhulpbronne van die Munisipaliteit te bevorder ;

- (iv) om te verhoed dat enige taal gebruik word vir doeleindes van uitbuiting of dominerings;
 - (g) om voortdurend met belanghebbendes te skakel oor taalkwessies.
- (3) Die Munisipale Taalkomitee mag ook klagtes hanteer rakende die skending van taalregte van inwoners ingevolge hierdie Taalbeleid.
- (4) Bowendien moet die Munisipale Taalkomitee:
 - (a) voortdurend sorg dra dat raadslede en personeel bewus gemaak word van die waarde van veeltaligheid as 'n instrument vir die bou van maatskaplike samehorigheid, die bevordering van ekonomiese ontwikkeling en die konsolidering vn demokratiese regering deur respek vir kulturele diversiteit.
 - (b) sorg dat kennisgewings geplaas word by al sy geboue/kantore om die publiek in te lig dat hy veeltaligheid bevorder en dat amptenare elke poging sal aanwend om die tale van sy kliënte te gebruik.
 - (c) sorg dat alle amptenare en raadslede die taalgebruik en -voorkeure van alle ander amptenare en raadslede op 'n hofflike wyse sal akkommodeer.